

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 6 Desember 2015 – Oggend**

**Sing vooraf staande:** Psalm 138:2, 4 (p. 670)

- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!  
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.  
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,  
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.
- 4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,  
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.  
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.  
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 45:1, 2 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.  
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.
- 2 U 's skoon! Geen skoon wat daarby haal. / Bevalligheid van trek en taal  
is oor u lippe uitgestort – / U wat deur God geseën word.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 81:9, 11 (p. 412)

- 9 Neig, my volk, jul oor, / – dis wat Ek getuig het – / neig jul oor en hoor:  
Ag, as Israel / maar op my bevel / voor my woord gebuig het!
- 11 Ek is God en HEER / wat die volk bevry het – / Ek en niemand meer!  
Wat jul deur my hand / uit Egipteland / veilig uitgelei het.

Gebed

Skrifberyming 4-4:3, 4, 5 (4:3, 4, 5)

- 3 Maar die engel het geroep: / “Moenie skrik nie, moenie vrees,  
want ek boodskap vreugde wat / vir die hele volk sal wees.”  
“Die Verlosser,” juig sy stem, / “is gebore in Betlehem.”
- 4 “Hy, die Heer en Christus, lê / – dis die teken van die Kind –  
rustig in die voerkrip neer / en in doeke toegebind.”  
En toe klink 'n lofsang daar / van 'n ganse engelskaar:
- 5 “Eer aan God, die hoogste Heer!” / ruis dit uit 'n stemmese.  
“Vrede op aarde, vrede weer!” / En die donker nag ruis mee.  
“Welbehag, eindloos groot, / in die mens, Gods gunsgenoot!”

**Skriflesing:** Genesis 49:1-28

**Kernverse:** Genesis 49:8-12, 18

**Juda, jy is dit! Jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig. Juda is 'n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag? Die**

**septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees. Hy maak sy jong esel vas aan die wingerdstok en die vul van sy eselin aan die edelste wynstok; Hy was sy kleed in wyn en sy gewaad in druivebloed. Hy is donkerder van oë as wyn en witter van tande as melk.**

**Op u verlossing wag ek, HERE!**

(Genesis 49:8-12, 18 AFR53)

**Tema:** Die Leeu uit die stam van Juda

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, regdeur die Ou Testament het die Here heenwysings of rigtingaanduiders gegee sodat sy mense kan sien waarheen Hy met sy hele skepping en in besonder met sy mense op pad is. Verlede Sondag het ons by die heel eerste van daardie rigtingwysers stilgestaan – Genesis 3:15.

Die kroon van God se skepping het deur die aanhitting van die duivel en as gevolg van hulle eie moedswilligheid in die sonde geval. Vir die skepping en vir die mens is dit 'n katastrofe. Die ganse skepping gaan gebuk onder die verganklikheid omdat die aarde vervloek is as gevolg van die mens se sonde. Elke mens weet watter swaarkry daar in die wêreld heers. Ongelukkig is dit net die gelowiges wat die eintlike oorsaak van al die ellende in hierdie wêreld ken.

Maar wat die katastrofe die heel ergste maak, is die feit dat die mensdom dood is in die sonde. Die mens het met sy oorstap na die ryk van die duisternis waar die duivel heers die band tussen hom en God afgebreek. Vir die skepping en die mens is die sondeval 'n katastrofe waaruit hy self nie kan kom nie. Vir God is dit egter nie 'n katastrofe nie. Dit is wel vir Hom bedroewend en Hy is toornig oor die sonde, maar dit is nie 'n mislukking waaraan Hy niks kan doen nie. In sy alwysheid het die Vader nog voor die skepping van die hemel en die aarde sy Seun as Verlosser bestem vir die mense wat Hy vir Homself uitgekies het. Daarom kon Hy reeds op dieselfde dag van die sondeval die belofte maak dat die saad van die vrou die slang se kop sal vermorsel. Hierdie saad van die vrou, leer die Heilige Gees ons, is ons Verlosser Jesus Christus.

Hierdie saad van die vrou wat die slang se kop sal vermorsel is ook die ewige Koning van die Christene. In die Skrifgedeelte waaruit die Heilige Gees ons vanoggend onderrig, maak Hy aan ons duidelik dat die Leeu uit die stam van Juda ons koninklike Verlosser is.

Broers, susters en kinders, in Genesis 49 waar ons vanoggend gelees het, is Jakob en sy hele familie van by die sewentig siele in Egipte. As gevolg van die wêreldwye hongersnood wat vir sewe jaar sou duur het Josef sy pa en broers na Egipte laat kom. Jakob-hulle het 'n eie deel in Egipte van die farao gekry – die Goosenstreek – waar hulle afgesonder van die Egiptenaars kon leef. So het die Here dit beskik sodat Jakob se familie kon groei tot die volk wat Hy aan Abraham belowe het – 'n nageslag soveel as die sterre aan die hemel. Nou is Jakob al oud en dit is kort voor sy dood (Gen 49:33). Daarom het hy deur die ingewing van die Heilige Gees al twaalf sy seuns bymekaargeroep om hulle te sien.

Maar Jakob se woorde aan sy seuns is meer as net goeie wense wat hy hulle toewens. Wanneer hy hulle bymekaarroep, sê hy vir hulle:

**Kom bymekaar, dat ek julle kan verkondig wat julle aan die einde van die dae sal wedervaar.** (Genesis 49:1 AFR53)

Jakob kondig die Here se profetiese woorde oor sy seuns aan. En in die wyse waarop Jakob die verkondiging begin – kyk na vers 2, hy noem homself Jakob en Israel – maak hy duidelik dat daar in hulle lewens die genadige werk van God is, maar hulle het ook 'n verantwoordelikheid. Jakob is Israel omdat God in hom werk en hom by die punt gebring het waar hy homself gewillig aan die Here onderwerp het. Maar hy is ook nog Jakob – die ou mens wat sy eie plannetjies wil maak – waarteen hy sy lewe lank moes stry.

Jakob begin by sy oudste seun – Ruben. As eersgeborene moes Ruben die eersgeboortereg en eersgeboorteseën ontvang het. Dit sou beteken dat hy dubbel soveel as elkeen van sy broers sou erf en hy sou na sy pa die volgende familiehoof gewees het. Maar Ruben het in sy jong dae 'n verskriklike ding aangevang. Hy het geslagsgemeenskap met Bilha gehad (Gen 35:22). Bilha was Ragel se persoonlike slavin en het as 'n soort surrogaat vir Ragel die twee seuns Dan en Naftali in die wêreld gebring.

Oor hierdie losbandige optrede van Ruben het hy die vernaamste posisie in die familie verloor. Deur die genade van die Here het Ruben bly leef, maar uit die stam Ruben het daar nooit 'n leier vir die volk na vore gekom nie.

Na Ruben het Lea vir Simeon en Levi in die wêreld gebring. Omdat Ruben die vernaamste plek in die familie verloor het, sou dit na regte op Simeon moes oorgaan. Maar hy en sy broer Levi het ook 'n verskriklike ding in hulle jong dae aangevang. Sigem, 'n Hewiet, het baie van Simeon en Levi se suster Dina gehou, maar hy het haar verkrag. Toe Simeon en Levi daarvan hoor, het hulle met Sigem en sy familie onderhandel, want Sigem wou met Dina trou. Simeon en Levi het op 'n agterbakse manier gesê dat Sigem alleenlik met Dina kan trou as Sigem en al die mans van daardie stad hulle besny.

Sigem en al die mans van die stad het na Simeon en Levi geluister. Drie dae later toe al die mans in pyn was na die besnydenis, het Simeon en Levi met die swaard onder hulle almal ingeklim en het hulle al die mans doodgemaak (Gen 34).

Simeon en Levi het dus die verbondsteken wat die Here ingestel het as 'n herinnering aan die lewende verhouding met die Here misbruik om hulle eie doelwitte te behaal. Hulle wou die misdaad aan hulle suster wreek en hulle het dit op hierdie laakbare manier gedoen. Die Here het vir die stam Simeon ver in die suide van die beloofde land grondgebied gegee.

Die stam Levi het geen grondgebied ontvang nie, maar hulle het verstrooid onder die res van die volk gewoon in die stede wat die Here aan hulle toegesê het. Tog het die Here die stam Levi gekies as die stam uit wie al die priesters sou voortkom.

Juda – die vierde seun wat Lea vir Jakob in die wêreld gebring het – het alles gehoor wat sy pa vir die drie ouer broers gesê het. Hy het gestaan en luister hoe sy pa na die verskriklike dinge uit hulle verlede verwys. By homself sou hy seker kon wonder wat sy pa vir hom sal sê, want hy het ook verskriklike dinge in die verlede aangevang.

Juda wou nie sy jongste seun Sela met Tamar laat trou nie, want Tamar was met die twee ouer broers van Sela getroud en hulle albei het gesterf sonder dat hulle seuns by Tamar gehad het. Toe Tamar sien hoe Juda optree, het sy haarself as 'n prostituut voorgedoen en Juda het met haar geslagsgemeenskap gehad en sy het swanger geword met Peres (Gen 38). Juda was ook die een wat aan sy ander broers voorgestel het om eerder vir Josef aan die Midianiete te verkoop as om hom dood te maak (Gen 37:26-27).

Die drie ouer broers kon by hulleself dink: Ja Juda, nou is dit jou beurt. Ons het gekry wat ons verdien het. Maar dan gebeur die uitsonderlike. Jakob kondig die eersgeboortereg oor Juda aan. Hy word die familiehoof na sy pa, want sy broers sou voor hom buig en sy hand sou op die nek van sy vyande wees. Dit is nie Juda self wat die voortou onder sy broers sou neem nie. Hulle bly immers in Egipte en in hierdie stadium buig al die broers nog voor Josef, die onderkoning van Egipte. Maar uit die stam van Juda sou die Here uitsonderlike, goeie leiers vir sy volk na vore laat kom.

Juda sou soos 'n leeu wees – sy woord sou gesag dra onder die volk. Wanneer Jakob die woorde in vers 10 uitspreek – **die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete** – kom ons agter hoekom die leiers uit Juda se woord gesag sou dra. Die leiers uit Juda sou konings wees van wie Dawid en Salomo verseker die vernaamstes was. Dit is veral onder Dawid dat ons sien hoe die hand van die stam van Juda op die nek van sy vyande is, want Dawid het al Israel se vyande rondom hulle aan sy troon onderwerp. En in die dae van Salomo het Israel 'n bloeitydperk beleef soos wat daar nie weer onder die Israeliete was nie. Al die konings van Israel en na die skeuring van die ryk het al die konings van Juda uit die stam van Juda gekom. Maar nie een van hierdie konings uit die stam van Juda kon dit regkry dat die volke aan hom alleen gehoorsaam was nie.

Daarom is die volgende woorde in vers 10 belangrik om op te merk – **totdat Silo kom**. Die septer sal van Juda nie wyk nie totdat Silo kom. Ons moenie hierdie Silo verwar met die plek Silo in Israel nie. Hierdie Silo is nie 'n plek nie, maar 'n persoon soos dit blyk uit die res van profesie aangaande Juda. Wie is hierdie Silo?

Daar is nog baie debatte oor die beste vertaling van hierdie woorde in vers 10. Daar is egter twee moontlikhede. Die naam Silo hou verband met die woorde wat ook soos volg vertaal word: *totdat hy kom aan wie dit behoort*. Dit wil sê, die septer sal van Juda nie wyk nie totdat hy kom aan wie die septer behoort. 'n Ander moontlikheid is dat die naam Silo verband hou met die Hebreeuse woord wat *rus* of *rus bring* beteken. Wanneer ons van *rus bring* hoor, dink ons ongetwyfeld aan Jesus se eie woorde wanneer Hy sê dat Hy rus bring vir die vermoeides van hart (Matt 11:29). Jesus Christus is die eintlike Rusbringer. Dit is slegs deur sy offer aan die kruis dat vrede tussen God en die mense moontlik is, want Hy het God se toorn oor die sonde aan die kruis gedra.

Trouens, bykans alle kommentare oor hierdie woorde in vers 10 – Joodse sowel as Christelike kommentare – verstaan dat hierdie woorde na die Messias verwys. En ons weet uit hoevele Skrifgedeeltes in die Ou sowel as in die Nuwe Testament dat Jesus uit die stam van Juda afstam. Josef wat met Maria getroud was, is in die stam van Juda, daarom moes hy vir die volkstelling na Betlehem gaan – die Dawidstad – om ingeskryf te word.

Jesus Christus is dus dié Leidsman uit die stam van Juda aan wie die septer en veldheerstaf eintlik behoort. Hy is die een wat deur sy kruis heen rus vir mense bring omdat Hy hulle straf in hulle plek aan die kruis dra. Jesus is immers ook die Een voor wie elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Hy Here is, profeteer Paulus in daardie bekende lied in Filippense 2. Dit is Jesus self wat aan sy dissipels kort voor sy hemelvaart sê dat aan Hom alle mag in die hemel en op die aarde gegee is omdat Hy volmaak aan God se regverdigende eis voldoen het. Jesus Christus het sy Vader volmaak gehoorsaam en Hy het in die plek van die uitverkorenes volmaak die straf op hulle sondes gedra.

Wanneer Johannes in die boek Openbaring beskryf wat hy alles in die troonsaal van God

sien, verkondig hy van die boekrol in die hand van Hom wat op die troon sit. En daar was niemand wat hierdie boekrol se sewe seëls kon breek nie. Daaroor het Johannes baie hartseer geword, want die boekrol bevat die raadsplan van God vir die ganse skepping. Toe Johannes nog so huil omdat niemand waardig gevind is om die boekrol oop te breek nie, sê een van die ouderlinge vir hom:

**Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek. En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.**  
(Openbaring 5:5-6 AFR53)

Jesus Christus is dié Koning wat uit die stam van Juda sal opstaan. Hy sal heers, want die Vader het aan Hom die gesag gegee om te kan heers. Hy bring die raadsplan van God tot uitvoering omdat Hy waardig is deur sy gehoorsaamheid aan sy Vader. En aan Hom sal elkeen uit elke stam, volk, stam en nasie hulle nog onderwerp, want Hy is die ewige Koning. En waar Hy as Koning heers, is daar oorfloed. Ons hoor in vers 11 daar is soveel oorfloed dat Hy sy klere in wyn was en nie in water nie. Daar is soveel oorfloed dat Hy selfs sy esel aan die wynstok vasmaak. As jy 'n donkie ken, weet jy die donkie sal daardie wynstok tot in die grond afvreet. Jy sal ook net jou donkie aan die wynstok vasmaak as jy oorgenoeg wynstokke het. Hierdie woorde herinner aan die profesie van Jesaja 11 wat heenwys na die wederkoms van ons Here Jesus Christus.

Dit is egter nie net uit die verwysing in ander Skrifgedeeltes wat maak dat ons kan raaksien dat die Leeu uit die stam van Juda na Jesus ons koninklike Verlosser verwys nie. In Jakob se eie woorde wat hy onder leiding van die Heilige Gees geprofeteer het, hoor ons dit. In vers 18 sê hy:

**Op u verlossing wag ek, HERE!** (Genesis 49:18 AFR53)

In hierdie gebed van Jakob hoor ons vir die eerste keer die Naam van ons Verlosser. Die Hebreeuse woord wat ons vertaal met *verlossing* is *jeshua*. Dit is die Naam wat die engel vir Josef gesê het hy moes gee aan die Seun wat Maria in die wêreld gaan bring, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos (Matt 1:21).

Dit is nou alles goed en mooi, maar wat beteken hierdie profetiese woorde vir ons in die een en twintigste eeu? Ten eerste kry ons uit hierdie profesie die versekering dat God sy Seun inderdaad as ons Verlosser aangestel het. Ten tweede, Hy is die gesagvolle Verlosser, want deur sy gehoorsaamheid heen is alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee. Hy is die ewige Koning voor wie elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Hy Here is. Ten derde is Hy die Koning tot in ewigheid, want Hy bring nie net rus nie; as Koning bewaar Hy elkeen ook by die verlossing wat Hy bewerk het.

Ons staan op die vooraand van Kersfees. En in sovele mense se gedagtes kom die beeld van die Baba Jesus in die krip op wanneer hulle hoor van Kersfees. En baie mense sing vol blydschap saam dat God genade betoon het, want Hy het sy Seun aan ons gegee. Maar die hartseer is dat Jesus vir baie mense maar net die Baba in die krip bly. En as 'n mens Jesus net as die Baba in die krip bly sien, luister jy nie vir Hom nie – Hy is dan 'n Baba. Om hierdie vernederende beeld oor Jesus in ons gedagtes op die regte plek te kry, laat die Heilige Gees ons baie vroeg in die Bybel sien – die saad van die vrou is die Leeu uit die stam van Juda. Hy is die ewige Koning aan wie die heerskappy behoort tot in ewigheid.

Daarom kon Hy die slang se kop vermorsel en uiteindelik die slang in die poel van vuur werp.

Laat ons daarom ook nie net by die Baba in die krip vassteek nie. Kyk, Hy is die Here Jesus Christus die koninklike Verlosser, die Leeu uit die stam van Juda. As Hy brul, gehoorsaam ons Hom.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede.  
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.  
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het  
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
6 Desember 2015